


Twintigjarige bestaan van die Suid-Afrikaanse Regskommissie

Adv Hennie Potgieter
Navorsers: Suid-Afrikaanse Regskommissie
.....



Die Suid-Afrikaanse Regskommissie betree op 1 September 1993 sy mondigwordingsjaar. Daarmee is aan die einde gekom van twee dekades van monumentale regshervorming. Gedurende hierdie tydperk het die Kommissie, na 'n beskeie begin in 1973 met slegs deeltydse lede en 'n sekretariaat bestaande uit 'n enkele navorsers en 'n administratiewe beampte, ontwikkel tot 'n instelling bestaande uit, benewens die deeltydse lede, twee heeltydse lede, 'n werkkomitee, 22 projekkomitees, 12 navorsers en 'n administratiewe komponent met 10 poste. Deur sy noue kontak met soortgelyke instansies in die buiteland het die Kommissie ook 'n volwaardige lid van die internasionale familie van regshervormingsliggame geword. Dit is derhalwe gepas om vir 'n oomblik stil te staan by die mylpale van die Kommissie en ook hulde te bring aan die rol wat die advokatuur op die gebied van regshervorming gespeel het.

Oor die afgelope twee dekades

het die Kommissie alles in sy vermoë gedoen om gestalte te gee aan sy doelstelling om alle vertakkinge van ons reg te ontwikkel, te verbeter, te moderniseer en te hervorm. Sedert sy instelling is 68 verslae aan die Minister van Justisie gelewer en sedert 1982 (die jaar waarin die stelsel van werkstukke 'n aanvang geneem het) is 52 werkstukke vir algemene kommentaar gepubliseer en versprei. Om en by 37 wette is na aanleiding van die Kommissie se aanbevelings aangeneem. Daar is inderwaarheid minder as vyf gevalle waar die Kommissie se aanbevelings nie aanvaar en op een of ander wyse geïmplementeer is nie.

Verskeie belangrike hervormings van die reg is op aanbeveling van die Kommissie teweeggebring. So byvoorbeeld is die huweliksgoederereg en die erfreg in die geheel hersien, is die posisie van buite-egtelike kinders verbeter, is belangrike hervormings in die egskedingsreg teweeggebring en is bykomende beskerming aan kindergetuies in strafregtelike verrigtinge verleen. Enkele van die ondersoeke op die Kommissie se program wat op wetgewing

uitgevoer het en wat die diversiteit van sy werksaamhede illustreer, het te doen met domisilie, wilddiefstal, die trustreg, die admiraliteitsreg, die toelaatbaarheid van getuieis deur rekenaars voortgebring, misdade gepleeg onder die invloed van drank en dwelms, en korrupsie. Die Kommissie sal veral onthou word vir sy baanbrekerswerk op staatsregtelike gebied met die vrystelling van sy *Interimverslag oor Groeps- en Menseregte* en die *Verslag oor Grondwetlike Modelle* gedurende 1991. Die verslae dek 'n enorme veld van navorsing, vergelyking en denke en is met groot belangstelling en entoesiasme ontvang.

Belangrike ondersoeke wat onlangs gefinaliseer is, handel oor die howe se hersieningsbevoegdheid ten aansien van administratiewe handeling en surrogaatmoederskap. Verskeie ondersoeke geniet tans die aandag van die Kommissie. Enkele voorbeelde is die erkenning van 'n groepsgeleding, genadedood en die kunstmatige instandhouding van lewe, die toepassing van die lokvinkstelsel, strafoplegging, die

vereenvoudiging van die strafprosedure, skuldinvordering in die landdroshowe, die beperking van siviele aanspreeklikheid van beroeps-lui, aspekte van die reg wat betrekking het op vigs en die hersiening van die insolvensiereg.

Aangesien die Kommissie se aanbeveling dikwels aanleiding gee tot die aanname van wetgewing, is dit noodsaaklik dat sy voorstelle praktyksgerig moet wees. Die implementering van 'n werkstukstelsel in 1982 ingevolge waarvan die Kommissie voorlopige aanbevelings maak wat in 'n werkstuk vervat word en vir doeleindes van kommentaar aan belanghebbende persone en instansies (en op aanvraag aan enige belangstellende persoon) verskaf word, het baie tot die praktyksgerigheid van sy aanbevelings bygedra. In dié verband kan gemeld word dat waardevolle bydraes en kommentaar van lede van die Balie ten opsigte van bepaalde ondersoekte in die verlede ontvang is. Die wye ervaringsveld en onder-vinding van die praktiese werking van die reg van die advokatuur is onontbeerlik by 'n evaluasie van die

uitvoerbaarheid van die Kommissie se aanbevelings.

Dit is waarskynlik aan baie mense onbekend dat die instelling van die Kommissie grotendeels te danke is aan 'n aanbeveling in 'n verhandeling van JPJ Coetzer getiteld 'n *Kritiese Regsvergelykende Studie van Regshervorming in Suid-Afrika* (1971). Dié verhandeling van adv JPJ Coetzer SC, tans 'n lid van die Pretoria-Balie, word teweens as die brondokument van die Kommissie beskou.

Lede van die Balie wat sedert die Kommissie se instelling vir sekere terme as kommissarisse gedien het, is adv CP Joubert SC (tans appélregter), adv HJO van Heerden SC (tans appélregter en huidige voorsitter van die Kommissie), adv M Bliss QC, adv FH Grosskopf SC (tans appélregter), adv PM Nienaber SC (tans appélregter), adv RP McClaren SC (tans regter van die Natalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof) en adv PJJ Olivier SC (tans regter van die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof en huidige ondervoorsitter van die Kommissie).

Sedert die Kommissie se instelling is dit gebruikelik dat 'n praktiserende advokaat op die Kommissie dien. Dit het egter nog telkens gebeur dat die dienende advokaat tot die regbank verhef word en dat die advokatuur nie op die Kommissie verteenwoordig is nie. Die verheffing van voormalige en dienende Kommissie-lede tot die regbank is egter 'n aanduiding van die kaliber persone wat met hul kundigheid en ervaring 'n verrykende bydrae tot regshervorming gedurende die afgelope twintig jaar gelewer het.

Die welbekende prof Marinus Wiechers, aangewese rektor van UNISA, het in 'n tydskrifartikel na die werkstuk wat die Kommissie se *Interimverslag oor Groeps- en Menseregte* voorafgegaan het, verwys as 'n "monument in die Suid-Afrikaanse regsontwikkeling". Hoewel prof Wiechers 'n enkele ondersoek van die Kommissie gepas bestempel het, sou daar sonder vrees vir teëspraak aangevoer kon word dat die totaliteit van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se werk sy monument is. ■

Trevor Foster

Financial Investigations Litigation Support • Strategic Tax Advice

Breach of Contract • Business Interruption • Business Valuations • Child and Spousal Support • Companies Act Enquiries • Construction Claims Consulting • Copyright, Trademark and Trade Secret Cases • Cost Estimation • Damage Assessment • Discovery • Fraud and Embezzlement • Incremental Cost • Investigative Accounting • Liquidations/Insolvencies • Lost Earnings • Lost Profits • Marital Dissolution – Tracing/Appportionment of Assets • Patent Infringement • Tax • Time Value of Money

TREVOR FOSTER

B.Com. (Rand) C.A. (S.A.) (Honours) Taxation (Cape Town)

48 Francolin Road Camps Bay Cape Town 8001 Tel. (021) 438 1144 Fax (021) 438 5655
9th Floor Southern Life Centre, 8 Riebeeck Street Cape Town 8000 Tel. (021) 419 3520 Fax (021) 25 2517